Hoop? Hoop!

Het jy al tuisgekom en jou vrou/man deel jou mee dat julle huwelik so verbrokkel het dat daar nie meer heling kan plaasvind nie … of jy is swanger net om uit te vind jy het die baba verloor … of jou kind het ‘n drank- of ‘n dwelmprobleem wat konstant herhaal … of jy verloor skielik ‘n geliefde aan die dood weens kanker?

Hoe pas die pyn in jou verwysingsraamwerk.? Waarom gebeur slegte dinge met Christene wat ‘n God van liefde aanbid? Hoe verwerk ek dit? Gaan dit ooit weer beter gaan? Hoe kom ek hierdeur?

Wel - elke mens verwerk trauma anders en daar is geen enkele manier om deur dit te kom nie. Vir party mense is die trauma tyd kort, vir ander is dit lank, vir ander voel dit of dit nooit ophou nie!

In tye van trauma is die Here met jou, al voel dit of Hy soms nie jou gebede verhoor nie! Al voel dit somtyds of ons die pad alleen loop is, Hy daar!

Wat sê die Bybel vir ons? Kom ons kyk na 1 Petrus 1:5 - 7 …

En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar ... verheug julle hieroor ... self al is dit nodig dat julle ‘n kort tydjie bedroef gemaak word ... julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs suiwerheid van goud word met vuur getoets en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word …

Solank daar geloof is is daar hoop!